# VIGS EN DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE EN BESTUURSWêRELD - ENKELE PERSPEKTIEWE

Petri C. Schutte
Nagraadse Skool vir Bestuurswese
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*There is no doubt anymore that AIDS as a disease has the potential to become a very serious issue in the South African social, political, demographic and economic environment. AIDS will have macro-economic as well as micro-business implications. At macro-level (without the influence of AIDS) decision-makers already anticipate and plan for a*

- *shortage in housing for blacks;*
- *shortage in employment opportunities;*
- *high level of unemployment;*
- *uncontrollable urbanisation; and a*
- *lack of educational infrastructure.*

*Burning issues for decision-makers and managers will be*

- *who will be the worker tomorrow?*
- *who will be the manager?*
- *will there be sufficient manpower resources?*
- *what would a training strategy look like?*
- *in what ways will production and productivity be managed?*
- *in what ways will sound labour relations be created and maintained?*

*Although a great many decision-makers and managers still have a sceptical view and perception regarding AIDS, it is certain that it will affect the entire spectrum of life. Managers should pro-actively plan for the implications of AIDS on business, and if projections do not realise as darkly, it could be seen and accepted as a "bonus".*

## 1. INLEIDING

Die informele gespreksgroep oor VIGS aan die PU vir CHO bestaan uit verteenwoordigers van die volgende vakrigtings: Anatomie, Biochemie, Verpleegkunde, Etiek, Beplanning, Ontwikkeling en Bestuurswese. Vanuit hierdie besprekingsgroep is sekere perspektiewe verskaf op die voorkoms en implikasies van VIGS vir Suid-Afrika.

Die biologiese, mediese, maatskaplike en ander perspektiewe kom almal in 'n sekere sin saam binne die raamwerk van die politieke en ekonomiese implikasies van VIGS.

Aangesien die verskynsel nog so nuut binne die Suid-Afrikaanse samelewing is, kan veel gesaghebbende bronne nie aangehaal word nie, maar is dit tog nodig en interessant om projeksies te maak wat die moontlike implikasies van die siekte vir die Suid-Afrikaanse ekonomiese, en by implikasie ook politieke toneel sketsmatig voor te stel. Wat hier volg is 'n moontlike scenario, gebaseer op beskikbare feite soos ontleen aan die resultate van die VIGS-gespreksgroep se werksaamhede en interne publikasies van sekere instansies.

Daar is weinig twyfel meer dat VIGS 'n siekte is wat die potensiaal het om katastrofiese afmetings in Suid- en Suider-Afrika aan te neem. (In dié verband doen die VIGS-gespreksgroep, PU vir CHO, asook die AERU (*Aids Economics Research Unit*) in Johannesburg toonaangewende navorsing). Maatskappye in die versekeringsbedryf asook enkele sakemanne en bestuurslui het reeds hul kommer uitgespreek oor die potensiele ekonomiese en bestuursimplikasies as VIGS-sterftes 'n groeiende realiteit sou word (Raphaely, 1989:14-15).

VIGS is al as die "grootste gesondheidsgevaar van die eeu" bestempel en as sodanig sal dit omvangryke nadelige gevolge vir ekonomieë van lande en organisasies se bestuurstrategieë inhou. Dit is moeilik om te voorspel presies wanneer en in watter mate die Suid-Afrikaanse ekonomie - en dan spesifiek maatskappye - VIGS-verwante vraagstukke in die werksituasie sal ondervind. Dit is wel belangrik om vroegtydig te oorweeg watter optrede om te volg om vraagstukke in dié verband doeltreffend te hanteer as dit sou opduik, en dan op 'n wyse wat vir alle betrokkenes verstaanbaar en aanvaarbaar sal wees.

VIGS sal beslis 'n direkte en/of indirekte uitwerking op alle ondernemings hê - oor die graad van erns is nog onsekerheid. Die moontlikheid van ernstige implikasies vir organisasies is egter te groot om die VIGS-faktor in langtermyn strategiese beplanning buite rekening te laat. Parallel met hierdie argument beteken dit ook dat owerhede wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling en uitbouing van die Suid-Afrikaanse ekonomie meer as net kennis sal moet neem van die implikasies wat 'n VIGS-besmette arbeidsmag op die ekonomiese groei sal hê.

## 2. ENKELE DEMOGRAFIESE TENDENSE - DIE VIGS-FAKTOR UITGESLUIT

Bevolkingsprojeksies vir Suid-Afrika (tabel 1), met die "VIGS-faktor" buite rekening gelaat, impliseer 'n sterk bevolkingsgroei slegs onder swartes.

TABEL 1:[1] BEVOLKINGSPROJEKSIES PER KLEURGROEP IN SUID-AFRIKA - VIGSINVLOED UITGESLUIT

| 1980 | 1985 | 1990 | 1995 | 2000 | 2010 | 2015 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Wit | 4 528 100 | 4 801 012 | 5 035 340 | 5 256 045 | 5 467 312 | 5 815 004 | 5 943 354 |
| Bruin | 2 612 780 | 2 843 278 | 3 086 231 | 3 319 557 | 3 523 221 | 3 830 007 | 3 966 847 |
| Asiër | 821 320 | 899 453 | 972 207 | 1 040 158 | 1 101 520 | 1 199 312 | 1 242 207 |
| Swart | 20 628 900 | 23 623 300 | 27 066 800 | 30 766 000 | 34 770 700 | 43 547 200 | 48 155 500 |
| Totaal | 28 591 100 | 32 167 043 | 36 160 578 | 40 381 760 | 454 391 523 | 59 391 523 | 59 307 907 |

Bron: SSD,NMK.

Hierdie sterk groei onder swartes sou dan 'n snelgroeiende swart arbeidsmag (kyk tabel 2) tot 2000 en lank daarna kon hê.

TABEL 2: BERAAMDE ARBEIDSMAG: 1980 -2000

| | 1980 | | | | TOENAMES 1980 - 2000 | | | 1980-2000 % toenames | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | | % M+V | M | V | | M | M+V |
| Blankes | 1 299 000 | 636 000 | 1 935 000 | 18,4 | 275 000 | 301 000 | 576 000 | 6,5 | 8,1 |
| Asiate | 212 000 | 60 000 | 171 000 | 2,6 | 93 000 | 60 000 | 152 000 | 2,2 | 1,1 |
| Gekleurdes | 652 000 | 366 000 | 1 018 000 | 9,7 | 364 000 | 240 000 | 604 000 | 8,6 | 8,6 |
| Swartes | 4 854 000 | 2 435 000 | 7 188 000 | 69,3 | 3 481 000 | 2 272 000 | 5 753 000 | 82,7 | 81,1 |
| TOTAAL | 7 017 000 | 3 497 000 | 10 514 000 | 100 | 4 213 000 | 2 873 000 | 7 068 000 | 100 | 100 |

Bron: SSD, NMK

[1] Inligting wat in tabel 1-4 verwerk is, is verkry uit jaarverslae van die Nasionale Mannekragkommissie (1986,1987,1988), die Sentrale Statistiekdiens (SSD, 1976) en die Suid-Afrikaanse Arbeidstatistieke(1989).

Binne die raamwerk van die Suid-Afrikaanse ekonomies-aktiewe bevolking sou dit kon meebring dat die verwagte ratio van die blanke tot anderskleurige werker gedurende die volgende 20 tot 25 jaar van ongeveer 1:5 na 1:9 sou kon verander.

TABEL 3: VERWAGTE RATIO VAN DIE BLANKE TOT DIE ANDERSKLEURIGE EKONOMIES AKTIEWE BEVOLKING

| | 1980 | 1990 | 2000 | 2010 | 2015 |
|---|---|---|---|---|---|
| Blanke mans ekonomies aktief | 1,4 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Anderskleurige mans ekonomies aktief | 4,4 | 4,9 | 5,6 | 6,8 | 7,6 |
| Blanke vroue ekonomies aktief | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Anderskleurige vroue ekonomies aktief | 5,6 | 6,3 | 7,5 | 9,0 | 10,0 |

Bron: SSD, Bevolkingsensusse

Uit ekonomiese en bestuurstrategiese hoek sou bogestelde tendense impliseer dat die besluitnemer van vandag en môre rekening sou moes hou met die feit dat die toekomstige groei in die arbeidsmag dominant onder swartes sou voorkom en dat die mediaanouderdom van blankes in alle geval relatief vinnig gaan toeneem - van 'n gemiddelde ouderdom van 28 jaar in 1980 tot bykans 36 jaar in 2000.

Op makrovlak antipiseer en beplan (en begroot?) besluitnemers reeds vir onder andere

- 'n Groot tekort aan behuising vir swartes.
- 'n Gebrek aan werkgeleenthede.
- Hoë vlakke van werkloosheid, veral onder swartes.
- Moeilik hanteerbare verstedeliking, en
- 'n tekort aan opvoedkundige infrastrukture.

Op ondernemingsvlak dring bogestelde getalleprojeksies, naamlik dat die bron van blanke bestuur en kundighede in wêreldterme reeds in 'n optimale benuttingsfase inbeweeg, nog nie behoorlik tot die Suid-Afrikaanse bestuurskorps deur nie. Trouens baie bestuurders en besluitnemers is nog steeds van oordeel dat die bron van blanke kundighede asook bestuursvermoë nie gou sal opdroog nie. Baie min organisasies in Suid-Afrika het 'n mannekragontwikkelingstrategie wat ook pro-aktief voorsiening maak vir die integrering en vertikale mobliliteit van veral swart arbeid, dit wil sê, onder

andere die bestuurder van môre. Weinig besluitnemers besef werklik, of neem dit behoorlik in hul strategiese beplanning in aanmerking, dat kritieke tekorte aan veral bestuurslui en geskoolde werkers reeds bestaan (vgl. tabel 4) en al groter gaan word, as daar binne die Suid-Afrikaanse ekonomie 'n hoër as 3% per jaar gemiddelde ekonomiese groeikoers gaan realiseer. Die meeste bestuursgroepe, veral dié wat in die arbeidsintensiewe wêreld funksioneer, glo ook dat daar maar altyd voldoende halfgeskoolde werkers sal wees om in hul mannekragbehoeftes te voorsien.

TABEL 4: ADDISIONELE ARBEIDSBEHOEFTE PER KLEURGROEP: 1980-2000

| | BESTUUR | GESKOOLD | SEMI-GESKOOLD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| Totaal | 200 000 | 1 400 000 | 2 600 000 | 4 200 000 |
| Blankes | 80 000 | 180 000 | 290 000 | 550 000 |
| Ander Groepe | 120 000 | 1 220 000 | 2 310 000 | 3 650 000 |
| Voorsien 1959-1979 | 5 000 | 250 000 | 895 000 | 1 150 000 |
| Benodig 1980-2000 vergelyk 1959-1979 | Onmoontlik | 5x | 2 1/2x | |

Bron: SSD, NMK

## 3. ENKELE DEMOGRAFIESE TENDENSE - DIE VIGS-FAKTOR INGESLUIT

As die fokus op swartes geplaas word, is blankes reeds relatief beperk in getal en is kritieke tekorte reeds as wesentlik bewys. Ook is dit volgens tabel 5 duidelik dat swartes veral vanaf 1997/98 'n hoë mortaliteitsyfer vanweë VIGS gaan ervaar en dat dit as 't ware katastrofiese afmetings na die jaar 2000 gaan aanneem.

Viljoen (1990b:17) beweer dat VIGS nie voor 1998 'n besondere uitwerking op swart bevolkingsgetalle sal hê nie (kyk in dié verband figuur 1). Hy beweer egter dat daar tydens die eeuwending (1999-2003) 'n dramatiese afname in die swart bevolking as gevolg van VIGS-verwante sterftes sal plaasvind.

TABEL 5: DIE VERWAGTE VOORKOMS VAN HIV, VIGS EN VVS EN DIE UITWERKING DAARVAN OP DIE SWART BEVOLKING VIR DIE JARE 1990-2005.

| JAAR | A | B | C | D | E | F |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1990 | 21105 | 22.94 | 1.95 | .065 | .026 | 1.976 |
| 1991 | 21964 | 64.86 | 5.51 | .181 | .072 | 5.582 |
| 1992 | 22296 | 183.5 | 15.60 | .512 | .205 | 15.81 |
| 1993 | 22904 | 518.9 | 44.03 | 1.45 | .580 | 44.61 |
| 1994 | 23499 | 1468 | 124.8 | 4.10 | 1.60 | 126.4 |
| 1995 | 24027 | 4151 | 352.9 | 11.58 | 4.63 | 357.5 |
| 1996 | 24332 | 5353 | 455.0 | 32.76 | 13.10 | 468.1 |
| 1997 | 24532 | 5397 | 458.8 | 92.66 | 37.06 | 495.8 |
| 1998 | 24710 | 5436 | 462.1 | 262.0 | 104.8 | 566.9 |
| 1999 | 24818 | 5460 | 464.1 | 741.3 | 296.5 | 760.6 |
| 2000 | 24732 | 5441 | 462.5 | 2097 | 838.8 | 1301 |
| 2001 | 24087 | 5299 | 450.4 | 5930 | 2372 | 2822 |
| 2002 | 21860 | 4809 | 408.9 | 16772 | 6709 | 7118 |
| 2003 | 15155 | 3334 | 283.9 | ? | ? | ? |
| 2004 | ? | ? | ? | ? | ? | ? |
| 2005 | ? | ? | ? | ? | ? | ? |

A = Totale bevolking
B = HIV-geïnfekteerde vroue tussen die ouderdom van 15-44 jaar
C = HIV-geïnfekteerde babas
D = Totale aantal VIGS-gevalle
E = VIGS-verwante sterftes
F = Totale VIGS-verwante sterftes (VVS), by volwassenes en kinders

Bron: Viljoen, 1990a:15


In terme van die bevolkingsprofiel beweer Viljoen (1990b:19) dat teen die jaar 2000 die grootste deel van die swart bevolking (kyk in dié verband figuur 2) tussen die ouderdom van 20 en 65 jaar met die HIV-virus geïnfekteer sal wees en dat 'n betekenisvolle aantal, veral vroue, reeds VIGS as siektetoestand onder lede sal hê. Gedurende die daaropvolgende vyf jaar (2000 - 2005) sal die meerderheid van die swart bevolking VIGS as siektetoestand opdoen en sal die mortaliteit hoog wees.

Uit figuur 2 is dit ook duidelik dat die ekonomies-bedrywige deel van die swart bevolking die swaarste deur VIGS getref gaan word.

Vrae wat nou reeds deur besluitnemers en bestuurders gevra moet word en waarop antwoorde in terme van strategieë ontwikkel moet word, is onder andere:


- Wie sal die werker van môre wees?
- Wie sal die bestuurder van môre wees?
- Sal daar voldoende mannekrag op laer vlakke beskikbaar wees?
- Op watter wyse moet opleidingstrategieë ontplooi en bestuur word?
- Op watter wyse gaan produksie en produktiwiteit bestuur word?
- Op watter wyse gaan gesonde arbeidsbetrekkinge bestuur en in stand gehou word?

FIGUUR 1 DIE VERWAGTE VOORKOMS VAN HIV, VIGS EN VVS EN DIE UITWERKING OP SWART BEVOLKINGSGETALLE VIR DIE JAAR 1990 - 2005




Bron: Viljoen, 1990b:17

FIGUUR 2 DIE VERWAGTE VOORKOMS VAN HIV EN VIGS VIR DIE SWART BEVOLKING IN SUID-AFRIKA VIR DIE JARE SOOS AANGETOON




Bron: Viljoen, 1990b:19

## 4. DIE MOONTLIKE MAKRO-EKONOMIESE IMPLIKASIE VAN VIGS - 'N BEPERKTE PERSPEKTIEF[2]

Die meeste besluitnemers, en om begryplike redes ook, bejeen die VIGS-verskynsel asook die moontlike implikasies daarvan nog op apatiese wyse. Die Suid-Afrikaanse besluitnemers en bestuurslui funksioneer in 'n snelveranderende wêreld met talle stroomversnellings en baie onsekerhede (die politiek is maar net een daarvan). Om hierdie rede wil dit voorkom asof daar nie nog tyd en energie oor is om aan die VIGS-verskynsel, wat beslis as 'n randverskynsel en miskien selfs 'n hersenskim beskou word, aandag te gee nie. Vervolgens word 'n beperkte perspektief, betreffende die moontlike makro-ekonomiese implikasie van VIGS aangebied.

### 4.1 Die affektering van die laer sosio-ekonomiese groepe

Tabel 5, onder andere, dui daarop dat die laer sosio-ekonomiese groepe beslis die swaarste deur VIGS getref sal word. Omdat swartes dominant in dié groep voorkom, sal die VIGS-verskynsel waarskynlik ook 'n al hoe sterker politieke en ideologiese kleur begin kry namate die werklikheid begin deurdring.

Die omvang van werkloosheid kan ook binne die volgende agt jaar betekenisvolle dalings begin toon. Ongelukkig sal die afhanklikheidskoers (aantal mense wat van een broodwinner afhanklik is) verhoog, wat op sy beurt die besteding op luukshede en duursame goedere nadelig sal beïnvloed.

### 4.2 Verminderde koopkrag

Vanweë die feit dat swart koopkrag reeds, en in die toekoms 'n nog groter-wordende deel van Suid-Afrika se totale besteebare bronne gaan vorm, sal die positiewe momentum van koopkrag in Suid-Afrika beslis 'n ernstige knou kry sodra VIGS werklik sy tol begin eis.

Omdat die vraag na goedere en dienste 'n dalende tendens gaan openbaar, kan die winsgewendheid van organisasies benadeel word - iets wat ook die verbruiker se sak in sy hoedanigheid as werknemer nadelig sal raak. Indien hierdie bose kringloop van dalende koopkrag momentum kry, kan dit die Suid-Afrikaanse ekonomie stadiger laat

[2] Amptelike en outoritêre bronne in dié verband bestaan feitlik nie en daarom is wetenskaplike aanhalings uiters beperk.

groei of selfs in 'n resessie laat inbeweeg (kyk in dié verband ook Volschenk, 1990:12-13).

### 4.3 Verlaagde produktiwiteit

Die produktiwiteitskoers van die Suid-Afrikaanse ekonomie wat reeds baie onbevredigend met die meeste Westerse ekonomieë vergelyk (Suid-Afrikaanse Arbeidstatistieke, 1989:510) kan, wanneer VIGS sy tol aan mense begin eis, verder verswak. 'n Verhoogde arbeidsomset kan hoër produksiekoste en laer produksievlakke tot gevolg hê en hierdie verskynsel sal veral die arbeidsintensiewe bedrywe, waaronder die landbou en mynbou, die swaarste tref.

Verhoogde mortaliteit en gevolglike morbiditeit sal 'n persepsie van vrees vir infeksie skep wat regdeur die ekonomie 'n negatiewe effek op produktiwiteit sal uitoefen asook verhoogde arbeidsonrus sal skep. Laasgenoemde effek sal op sy beurt weer produktiwiteit nadelig beïnvloed (Van der Merwe, 1988:59).

### 4.4 Herkanalisering van investering

Die "oorlog" teen 'n VIGS-epidemie wat rampspoedige afmetings kan aanneem, sal 'n herverdeling van owerheidsbesteding noodsaak. Dit sal 'n addisionele stremming op ekonomiese groei plaas vanweë die feit dat owerheidsbesteding deur kontraproduktiewe beleggings, waaronder mediese infrastrukture, opgeslurp sal word.

Ook die investering deur die industriële en sakewêreld sal gedeeltelik van welvaart en werkskeppende bates na nie-produktiewe bates vir mediese sorg en welsyn verskuif.

### 4.5 Verhoogde inflasie

'n Kontra-produktiewe investeringsgeneigdheid regdeur die ekonomie en gevolglike verlaagde produksie kan die inflasiekoers opwaarts stimuleer. Hiermee saam kan voorkomingsaksies deur owerhede en organisasies (waaronder opvoedingsprogramme) om die verspreiding van VIGS te verminder of te voorkom, hoër arbeidskoste tot gevolg hê. Dit kan 'n verdere inflasionêre effek tot gevolg hê wat moontlik die proses van meganisasie kan versterk. Ook die monetêre koste (direk en indirek) vir die

behandeling van VIGS (Van der Merwe, 1988:60) sal die hoogte inskiet wat op sy beurt inflasie sal stimuleer.

### 4.6 Vertroebelde rasseverhoudinge

Die VIGS-epidemie kan verdere stres op 'n hoogs gespanne Suid-Afrikaanse ekonomiese en bestuurswêreld plaas. Dit kan die politieke klimaat benadeel asook verdere newe-effekte vir die ekonomie inhou. Swak bestuur, vanuit nasionale sowel as organisatoriese hoek, sal van die VIGS-probleem dus 'n nuwe geleentheid vir veral radikale vakbonde skep om die werksituasie verder te verpolitiseer met verdere nadelige ekonomiese gevolge.

### 4.7 Onbenutte of onderbenutte infrastrukture

Dit is bekend dat veral opvoedkundige en behuisingsinfrastrukture binne die geledere van die swart gemeenskappe oor dekades heen groot agterstande ontwikkel het en dat daar tans, regtens die pariteitsbeginsel, beplanning gedoen word om die agterstande uit te wis - trouens, pogings is reeds aan die gang om dit te probeer tot stand bring.

Omvangryke vlakke van kapitale investering wat dus gedurende die volgende vyf jaar in onder andere opvoedkundige en behuisingsinfrastrukture vir swartes gemaak gaan word, kan moontlik mettertyd onbenut of onderbenut word.

### 4.8 Foutiewe investeringsbesluite

Owerheidsinstansies sowel as die private sektor sal onder meer in terme van beplanning met die oog op uitbreiding wat groei en diversifikasie vervat, rekening moet hou met die moontlikheid dat dit in 'n relatief ongesonde of krimpende ekonomie kan plaasvind. Besluitnemers en bestuurders sal dus aanpasbare of buigbare strategiese alternatiewe gereed moet hê indien 'n krimpende ekonomie 'n realiteit word.

Ook pensioenfondse sowel as versekeraars sou mettertyd onder groot druk kom indien VIGS as siekte werklik "toeslaan". Pensioenfondse sowel as versekeraars sou onder meer kon ervaar dat die omvang en tempo van inbetalings tot uitbetalings toeneem ten opsigte van uitbetalings wat op sy beurt portefeuljes nadelig sal beïnvloed. Laasgenoemde tendens kan weer meebring dat beleggingsportefeuljes op die effektebeurs,

veral op die langtermyn, nadelig beïnvloed kan word omdat genoemde instansies waarskynlik elke organisasie wat op die Beurs genoteer is, en ook dié wat nie genoteer is nie, nadelig raak. Aandelepryse oor die algemeen kan dus ook op daardie stadium onder sterk afwaartse druk verkeer.

### 4.9 Verstedeliking en die effek op die landbou

Die hoë mortaliteit, veral onder swartes in stedelike komplekse, sal vanweë die sogenaamde "vakatures" wat ontstaan, verdere verstedeliking stimuleer. Die beskikbare oorblywende mannekrag op die platteland en selfs groter dorpe kan hierdeur sodanige lae vlakke bereik dat dit nadelige gevolge vir die voortgang en groei van ekonomieë van streke en dorpe kan inhou. Spesifiek die landbou kan deur sodanige ontwikkeling baie nadelig geraak word.

### 4.10 Gebrekkige mannekragstrategie

Alhoewel die owerheid nog nie daarin kon slaag om 'n werkbare, nasionale mannekragstrategie te ontwikkel nie, sal 'n VIGS-epidemie die ontwikkeling van 'n sodanige strategie verder bemoeilik en in die wiele ry.

### 4.11 Toerisme

Indien Afrika en dan wel ook Suider-Afrika, as die mees besmette deel van die wêreld bekend sou word, sal dit die toerismebedryf nadelig beïnvloed omdat mense uit ander wêrelddele liefs die risiko van VIGS-besmetting sou wou verklein.

## 5. DIE MOONTLIKE IMPLIKASIES VAN VIGS VIR DIE BESTUUR VAN ORGANISASIES - 'N BEPERKTE PERSPEKTIEF[3]

Besluitnemers en bestuurslui, soos reeds gestel, bejeen die VIGS-verskynsel self en ook die moontlike implikasies daarvan, met 'n hoë mate van skeptisisme. Dit is begryplik ook omdat dit 'n relatief nuwe verskynsel is met nog weinig negatiewe gevolge

[3] Amptelike en outoritêre bronne in dié verband bestaan feitlik nie en daarom is wetenskaplike aanhalings uiters beperk.

in Suid-Afrika sigbaar en waarvan die voorspelde epidemie en gevolglike verwagte negatiewe implikasies dus net nie logies is en sin maak nie.

Enkele verwagte implikasies vir die bestuurswêreld word egter wel hier kortliks aangedui.

### 5.1 Verliese en tekorte aan opgeleide mannekrag en bestuurslui

Volgens tabel 4, en sonder die implikasies van VIGS, sal daar reeds teen die jaar 2000 kritieke tekorte aan bestuurslui asook 'n wye spektrum van kundighede in Suid-Afrika bestaan.

'n Sekere persentasie (gewoonlik 15%) van die werkers van vandag is die bestuurders van môre. Miljoene rande per groter organisasie per jaar word normaalweg aan die ontwikkeling van werknemers bestee met die oog op die voorsiening van bepaalde vaardighede op verskillende vlakke en die gepaardgaande groter produksievermoë, kwaliteit en produktiwiteit. Dit is ook die opleibare en bevoegde werker wat normaalweg aanvanklik vanaf 'n laer na 'n hoër bestuursposisies beweeg. Hierdie proses, tesame met gesonde bestuurspraktyke, gee "lewensmomentum" aan enige organisasie.

Sodra VIGS as siekte werklik in die arbeidswêreld "toeslaan" sal dit groot verliese aan mannekrag, ook opgeleide mannekrag, meebring. Sodanige ontwikkeling sal die bestaande tekorte aan bestuurslui en veral opgeleide mannekrag vergroot. Die implikasie hiervan sal onder andere wees dat organisasies nie behoorlik op hul menslike hulpbronstrategieë (mannekragbeplanning) sal kan peil trek en daarvolgens sal kan bestuur nie. Trouens, die konvensionele mannekragstrategieë sal onder groot druk kom en sal telkens met gebeurlikheidsplanne ondersteun moet word.

Hierbenewens kan dit weldra blyk dat organisasies wat gedurende die negentigerjare van hierdie eeu miljoene (selfs miljarde) rande aan die ontwikkeling en opleiding van werknemers bestee het, "onproduktiewe" beleggings gemaak het daarin dat die werknemer nie meer daar sal wees om aan die produksieproses deel te neem en sy bevoegdhede en vaardighede in die organisasie terug te ploeg nie.

Sodanige ontwikkeling sal as 't ware 'n nuwe dimensie aan die praktyke van werwing, keuring, opleiding en plasing van nuwe werknemers (plaasvervangers of opvolgers) gee.

### 5.2 Kwynende organisasie-effektiwiteit en produktiwiteit

'n Groeiende en uitbreidende organisasie vereis hoë vlakke van kwaliteit, produktiwiteit, lojaliteit, vertroue en arbeidsvrede om sy doelwitte te bereik.

Ontwrigting deur VIGS in die werkomgewing sal egter groeiende vrese, omvangryke afwesigheid, hoë arbeidsomset, gebrek aan kreatiwiteit asook lojaliteit en gevolglik verminderde doeltreffendheid meebring. Sodanige gebeure sal verlaagde produktiwiteit binne die organisasies tot gevolg hê vanweë die stremming van organisasie-effektiwiteit.

### 5.3 Blootstelling aan regsgedinge

Die interpretering en hantering van die onbillike arbeidspraktyk, soos tans in die Wet op Arbeidsverhoudinge omskryf, is reeds in 'n gepolariseerde Suid-Afrikaanse arbeidswêreld moeilik en vir wanbegrip vatbaar. Die moontlikheid vir foutering lê hoofsaaklik by die werkgewer.

Indien VIGS eers werklik "toeslaan" kan die vraagstuk van billikheid in die werksituasie al dan nie, opnuut op die spits gedryf word. Werknemers wat die HIV-virus dra, word volgens Viljoen (1990b:22) oor 'n periode van ongeveer 18 maande met gereelde tussenposes siek. Aanvanklik, wanneer die vlakke van liggaamsweerstand nog hoog is, vind daar telkens herstel van die bepaalde siekte plaas. Afdankings of ontslag van die werknemer gedurende sodanige siekteperiode sal waarskynlik as 'n onbillike arbeidspraktyk geïnterpreteer kan word. Hoewel daar nog geen sodanige saak in Suid-Afrika was nie, sal die werkgewer met die las opgeskeep sit. Sodanige ontwikkeling sou die kollektiewe bedingingstelsel met die netelige kwessie kon oorlaai.

### 5.4 Hoër regstreekse en onregstreekse koste van gesondheidsorg

Benewens die hoë regstreekse mediese koste van werknemers sal die groter verlies aan werksure weens die siekte, asook die duur medisyne, toenemende eise by siekefondse veroorsaak. Siekefondse sal op hulle beurt, om finansieel te oorleef, maandelikse bydraes moet verhoog wat deur alle werknemers betaal sal moet word. Sodanige ontwikkeling sal dus 'n verhoogde kostespiraal stimuleer.

### 5.5 Verhoogde arbeidsonrus

Die Suid-Afrikaanse organisasie se werksituasie is reeds sterk gepolariseer veral vanweë makro-politieke ontwikkelinge. 'n Snelveranderende nuwe Suid-Afrika kan verdere onsekerhede, vrese en verwagtinge by werknemers laat ontstaan. Sodra VIGS werklik prakties gestalte kry, sal dit die onsekerhede en vrese en gevolglike arbeidsonrus verder verhoog, asook die gebrek aan vertroue tussen bestuur en werknemer versterk. Sodanige ontwikkelinge sal radikale vakbonde die geleentheid gee om die werksituasie verder te polariseer deur VIGS 'n rasse- of politieke speelbal te maak.

## 6. SLOTOPMERKINGS

Die VIGS-verskynsel asook die moontlike implikasies daarvan vir die ekonomiese en bestuurswêreld word, soos reeds gestel, deur die meeste besluitnemers en bestuurslui met agterdog bejeen en eintlik as "maar nog net 'n siekte" afgemaak. Dit is egter wel uit sekere interne publikasies te bespeur dat veral die groter versekeringsmaatskappye bekommerd is oor die moontlikheid dat VIGS epidemiese afmetings kan aanneem en die moontlike nadelige implikasies daarvan op die ekonomie oor die algemeen asook die bestuur van organisasies in die besonder.

Besluitnemers en bestuurslui moet egter daarvoor beplan om binne die volgende tien jaar hul organisasies strategies so buigsaam en aanpasbaar te bestuur dat hulle voorsiening maak vir oorlewing en progressiewe groei in 'n uitbreidende sowel as 'n krimpende ekonomie. As die afmetings wat VIGS kon aanneem nie realiseer soos voorspel nie, kan leiers in al die sfere dit dan as 'n "bonus" aanvaar om dan wel in die positiewe ontwikkelinge te belê. Indien die uitwerking van VIGS egter wel, soos voorspel, 'n nadelige uitwerking op die ekonomie en organisasies gaan hê, en daar is nie vir sodanige ontwikkeling beplan en begroot nie, kan dit die voortbestaan en oorlewing van baie maatskappye op die spel plaas.

## 7. BIBLIOGRAFIE[4]

ARBEIDSTATISTIEKE
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). 1989.
Nasionale Mannekragkommissie - 1986 Jaarverslag. RP 74/1987. Pretoria : Die Staatsdrukker.
Nasionale Mannekragkommissie - 1987 Jaarverslag. RP 74/1988. Pretoria : Die Staatsdrukke.r
Nasionale Mannekragkommissie - 1988 Jaarverslag. RP 74/1989. Pretoria : Die Staatsdrukker.
NMK
kyk
Nasionale Mannekragkommissie
RAPHAELY, C. 1989. Frightening Figures. *Finance Week*, Aug 3(9):14-15.
SANLAM. 1990. Interne publikasie.
SSD
kyk
SUID-AFRIKA. 1976.
SUID-AFRIKA (Republiek) 1976. Sentrale Statistiekdiens (SSD). Bevolkingsprojeksie vir die RSA: 1970-2020. Pretoria : Die Staatsdrukker, April.
SUID-AFRIKA (Republiek). 1989. Suid-Afrikaanse Arbeidstatistieke. Pretoria : Die Staatsdrukker.
VAN DER MERWE, J.A. 1988. AIDS: Strategies for Southern Africa. 63p. (Verslag van die VIGS Ekonomiese Taakgroep gelewer op die VIGS-kongres, Johannesburg) p.58-61, Mei.
VILJOEN A.T. 1990a. VIGS in Afrika - 'n potensiële eko-katastrofe. Potchefstroom : PU vir CHO. 13p. (Navorsingspublikasie, VIGS-adviesgroep).
VILJOEN A.T. 1990b. VIGS in Suid-Afrika - Projeksies in Implikasie. Potchefstroom : PU vir CHO. 27p. (Navorsingspublikasie, VIGS-adviesgroep).
VOLSCHENK, C. 1990. Hoe VIGS die ekonomie kan raak. *Finansies en Tegniek*: 12-13, Mei 18.

[4] Die beskikbaarheid van gesaghebbende bronne betreffende ekonomiese en bestuursimplikasies is uiters beperk. Slegs enkele interne publikasies (o.a. die van SANLAM) wat nie werklik vir openbare gebruik bedoel is nie, kon bekom word.